higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N1

(4110011)

21 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

027Q1E2321

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING N1
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae met aandag deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die doel van 'n werkgewerorganisasie is om die verhouding tussen werkgewers en werknemers te reguleer.

1.1.2 Vertoë oor wetgewing is 'n aspek waarmee werkgewerorganisasies hulle besig hou.

1.1.3 Opleiding is een van talle voordele wat vakbonde hulle lede bied.

1.1.4 Die afkorting MIF staan vir die Motorinstrumentfederasie.

1.1.5 Die akroniem NUM staan vir die Nasionale Unie van Meganici.

1.1.6 'n Werknemer werk nie volgens 'n dienskontrak nie.

1.1.7 Die Wet op Werkloosheidsversekering is die fonds waaruit beperkte voordele aan werkers uitbetaal word ingeval van ongeskiktheid of dood. Hierdie fonds betaal ook kraamvoordele uit aan vroulike werknemers wat kraamverlof neem.

1.1.8 Die doel van 'n vakbond is om werkers se griewe onder die aandag van bestuurders te bring.

1.1.9 Siekteverlof is nie 'n oogmerk van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes nie.

1.1.10 Die Wet op Vaardigheidsontwikkeling maak nie vir die indiensneming van vakleerlinge voorsiening nie.

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne met die woorde in die lys hier onder. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

waarborg; arbeidsdispuut; grief; posbeskrywing; delegering; pensioenfonds; ambagsman; garansie; vakman; voorsorgfonds

1.2.1 'n ... is iemand wat spesialiseer in 'n bepaalde soort werk wat werksondervinding vereis.

1.2.2 'n ... is 'n werker in 'n geskoolde ambag, veral een waarin dinge met die hand gemaak word.

1.2.3 'n .... is die geld wat 'n mens kry wanneer jy aftree.

Kopiereg voorbehou

1.2.4 As 'n lid van 'n ... aftree, word 'n derde van die totale voordeel as 'n enkele kontantbedrag aan hom of haar uitbetaal. Die oorblywende tweederdes word vir die res van sy of haar lewe in die vorm van pensioen aan die lid uitbetaal.

1.2.5 ... beteken dat die verantwoordelikheid en gesag aan 'n ondergeskikte oorgedra word wat 'n sekere werk moet doen.

1.2.6 'n ... is 'n dokument waarin die take en verantwoordelike van 'n pos uiteengesit word.

1.2.7 'n ... is 'n ooreenkoms waarin 'n vervaardiger bevestig dat hy 'n produk sal herstel of vervang as dit voor 'n vasgestelde tyd om is, nie behoorlik werk nie.

1.2.8 'n ... is as iemand ontevrede is of veronreg voel in sy of haar werk.

1.2.9 'n ... is enige meningsverskil met 'n werkgewer wat op 'n staking of ander arbeidsoptrede kan uitloop.

1.2.10 'n ... dek 'n produk nadat die vervaardiger se garansietydperk om is.

(10 × 1) (10)
[20]

VRAAG 2

2.1 Definieer die term *bedryfsongeluk*. (3)

2.2 Noem DRIE faktore wat sal veroorsaak dat werkers beskermende toerusting in 'n werkswinkel sal dra. (3)

2.3 Swak huishouding kan maklik ongelukke in veral 'n werkswinkel veroorsaak.

Noem DRIE tipiese ongelukke as gevolg van swak huishouding. (3)

2.4 Skryf die volgende afkortings wat in veiligheidsprogramme gebruik word, volledig uit.

2.4.1 NVBV ('NOSA')

2.4.2 WBGV ('OHSA')

(2 × 2) (4)

2.5 Noem enige VYF onveilige werkstoestande in 'n werkplek. (5)
[18]

VRAAG 3

3.1 Maak 'n tabel van die verskille tussen *bedryfsrade* en *versoeningsrade*. (4 × 2) (8)

3.2 Voltooi die volgende tabel oor lyfbeskermende toerusting. Skryf slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.14) in die ANTWOORDBOEK neer.

GEVAAR	BESKERMENDE TOERUSTING	LIGGAAMSDEEL
Bv. olierige oppervlakke	Veiligheidstewels	Voete
Chemiese of metaalafval	3.2.1 …	3.2.2 …
Vlieënde of vallende voorwerpe	3.2.3 …	3.2.4 …
Trap in skerp voorwerpe	3.2.5 …	3.2.6 …
3.2.7 …	3.2.8 …	Longe
3.2.9 …	Oorpluisies/oorkussings	3.2.10 …
3.2.11 …	3.2.12 …	Hande
Spattende vonke en bestraling	3.2.13 …	3.2.14 …

(14)
[22]

VRAAG 4

4.1 Noem die amptelike taal wat die meeste in die volgende provinsies gepraat word:

4.1.1 Mpumalanga

4.1.2 Vrystaat

4.1.3 Oos-Kaap

4.1.4 Limpopo

4.1.5 KwaZulu-Natal

(5 × 1) (5)

4.2 Noem DRIE faktore wat konflik veroorsaak. (3)

4.3 Bespreek die faktore wat mense laat voel dat hulle deel van 'n groep is. (4)

4.4 Noem DRIE voordele van effektiewe kommunikasie. (3)

4.5 Noem VYF dinge wat mens by 'n OTM kan doen. (5)

[20]

VRAAG 5

5.1 Bedryfsongelukke kan in enige werkswinkel of fabriek voorkom.

Bespreek TWEE aspekte van 'n bedryfsongeluk. (3 × 2) (6)

5.2 Noem VIER faktore wat mense in 'n werkswinkel onveilig laat optree. (4)

5.3 Noem VIER soorte asemtoestelle. (4)

5.4 Noem SES soorte brandweertoerusting wat dikwels in die werkplek gebruik word. (6)

[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou